DISKUSSIE

Toespraak van ds. J. Vonkelman, sendeling van die Nederlands Geref. Kerke in Natal, te Linden 1981 vir Sendingwerkers en sendingleeraars oor

DIE DROOM VAN 'N TEOLOGIESE OPLEIDING

Om 'n goeie blik te kry op die ideale of 'Urbild' van teologiese opleiding, moet ons eers kyk na wat ons het, na die 'Abbild', ons Teologiese Skool op Hammanskraal. Met nadruk wil ek stel dat wanneer sou blyk dat die 'Abbild' baie van die 'Urbild' verskil, ek geen oordeel uitspreek oor die broeders-professore wat hul verantwoordelike werk in trou en liefde daar verrig nie, en vir wie ek graag my respek betuig.

Hammanskraal betreklik "klein"

Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in SA tel op die oomblik maar 21 studente (8 teol. en 13 propedeutiese studente). Dit is nóg 'n groot nóg 'n baie klein opleidingsskool. Die gegewens van 1959 omtrent 60 kolleges in Afrika wat Bengt. Sundkler gee.[1] en nuwere gegewens van Gereformeerde opleidingsskole in die Derde Wêreld ,[2] regverdig die gevolgtrekking dat Hammanskraal weliswaar tot die kleiner tipe maar nie tot die kleinste inrigtings behoort nie. Dingaanstat, die kleinste onder die opleidingsskole van die NG-dogterkerke het op die oomblik maar 6 studente vir die predikantskursus. Paul M. Miller wat in sy interessante boek "Equipping for Ministry" 14 opleidingsskole in Oos-Afrika ondersoek, gee die gemiddelde per skool vir 1966 as 36 en verwag vir 1970 48 studente .[3] Die verhouding van dosent tot student is gemiddeld 1 op 6 by die 14 skole.[4] Hierby moet in ag geneem word dat eenderde van die dosente deeltyds is. Ook "The World Survey of Reformed Missions" (aantekening 2) en Sundkler vermeld heelwat deeltydse dosente. Hammanskraal met 5 voltydse dosente lewer 'n gemiddelde van 1 op 4.

"Ons Skool vir hulle'

Hammanskraal bied in een opsig 'n klein maar normale opleiding. In 'n ander opsig is dit 'n abnormale instelling, waarop I. J. van der Walt 7 jaar gelede in die Kerkblad reeds gewys het.[5] Dit is deur blankes opgerig, word net deur hulle gefinansier en beheer ten behoewe van nie-blankes. Ek verwys na die bekende besluit van die Nasionale Sinode van 1964: "die huidige skool is ons skool vir hulle en word derhalwe deur ons beheer . . ." Studente van alle volke kan hier studeer behalwe studente van die een volk, wat dit beheer. Geen wonder dat ook een van die voormanne van Hammanskraal, D. C. S. van der Merwe, hier "differensiasie volgens ras" proe.[6] Met die verdeelsleutel van blank en nie-blank en met die blanke in uitsluitlike beheer oor die nie-blanke, kan ons moeilik teenoor beskuldiginge van diskriminasie verdedig.

Na my mening het hierdie abnormale situasie waarin een volk of kerk die teologiese skool van die ander volk of kerk eksklusief

beheer, skadelike gevolge vir die funksionering van die skool. Dit verkry 'n sekere tweeslagtigheid. Dit behoort formeel weliswaar tot die kring van die blanke kerklike lewe maar sal daar nooit 'n voorwerp van groot liefde en gebed word nie omdat daar seuns van ander volke tot predikant opgelei word. Ook in die swart kerklike lewe sal dit nie die plek inneem wat die Teol Skool van Potchefstroom in die blanke kerklike lewe inneem nie, omdat dit nie hulle skool is nie, hulle dit nie beheer, versorg en daarvoor verantwoordelik is nie. Daarom sal Hammanskraal in die kerklike lewe ook nooit die plek op die voorpunt van die kerklike lewe inneem wat 'n opleidingsskool behoort in te neem nie. Dit moes die kristallisasiepunt van die teologies-kerklike denke (soos Mapumulo in die Lutherse kerke in Zoeloeland), of die "vroedvrou vir 'n werklike inheemse teologie"[7] soos ander teologiese skole metterdaad is, gewees het.

Statusbewustheid

Voordat ons verder oor ons ideale opleiding handel, moet vrae oorweeg word wat deesdae deur sendingwetenskaplikes in verband met opleiding van predikante gestel word. Die gevaar dreig dat "the schools will rattle on in well-worn ruts without any concern for movements in the church or in the world".[8]

Dit is nie net in ons kringe dat diep besorgdheid bestaan oor die status-bewustheid van baie swart predikante nie. Ook 'n groep predikante van Oos-Afrika was in 'n studiekonferensie eenparig dat "the humility and servant posture of Christ is 'all right spiritually', but that in Eeas-Africa a leader must accept (and even expect) some status, prestige, symbols of honour and of office, and deference in the community because 'our culture expects this'".[9] "For many of our young people, seminaries are the ladder by which they expect to climb socially" so sê Jorge Pantelis mbt Latyns Amerika.[10] Emerito P. Nacpil, wat oor Asia skryf, noem 'n ander aspek van die status-bewustheid wanneer hy sê dat opleidingsskole, ver van die gewoel van die wêreld "tend to produce a type of intellectual elitism and arrogance which often does not want to get its hands dirty, as it were, in the struggle for life in Asia".[11]

Die onttrekking van die student aan sy milieu

Die opleidingskool plaas die student in die middelklas van die maatskappy en ontwikkel middelklas-verwagtinge. "Hierdie is die ou probleem van die 'ekstraksie' — (onttrekking) beginsel".[12] Die student raak gewoond aan 'n atmosfeer wat anders is as die van sy huis of die gemeente wat hy eendag gaan dien. Wie 'n man wil oplei tot 'n doeltreffende getuie en prediker in die wêreld onttrek hom tog nie aan dieselfde wêreld vir die duur van sy opleiding in 'n heeltemal kunsmatige wêreld nie? Die student het slegs kunsmatige kontak met die wêreld waar hy sy diens moet gaan verrig. Wat hy van die wêreld hoor is tweedehandse kennis. Sy leermeesters "pepper the traditional theological course with spot announcements about the world, catchy phrases about involvement, and canned observations of social importance".[13] In die belangrike vormingsjare is die semi-

narie die tuiste, die veilige wegskuilplek van die student. Die konklusie van James Hopewell laat ons almal ietwat ongemaklik voel: "Is it any wonder that probably most clergymen thereafter feel most at home with their brothers in the cloth, somewhat less comfortable with their congregations and least at ease in the world at large?".[14] Die opleidingsskool word "a sort of Sandhurst where an officer-class is trained, thus creating a chasm between 'Clergy' and 'other ranks'".[15]

On-the-job-training

Gepaard met voorafgaande groei die besef dat 'on-the-job-training' van predikante tog baie meer voordele het. Miller sê in sy genoemde boek oor skole in Oos-Afrika dat hoewel die skole reeds 5 uur veldwerk per week doen, die prinsipale almal hoop dat "field experiences may become field education, carefully supervized, evaluated, and integrated into the total educational material and experiences".

Biskop Alphonse Nsabi van Tanzania het in 1977 op die Biskops-Sinode in Rome gepleit dat kerkleiers in Afrika deur middel van partisipasie binne die tradisionele sisteem opgelei moet word tw "education for life in the community and by the community through formal and informal participation in the community's activities. This education is both effective and universal . . . it prepares not simply an elite, as our present school system does". Tot hierdie partisipasie behoort handewerk: "manual work should be one of the means of sharing in the real life of the people. In developing countries . . . manual work should be given its rightful biblical status to counteract the age-old, un African, platonic view that manual work is for the uneducated".[17]

Alternatiewe modelle vir opleiding

Dit is die moeite werd om kennis te neem van alternatiewe modelle vir predikantsopleiding. Michael H. Taylor, Prinsipaal van 'n Baptise Kollege in Engeland reken dat studente na 3 weke van voorbereiding onmiddellik met praktiese werk moet begin. Hulle woon ook nie in 'n seminarie nie. Behalwe vir 6 weke von ononderbroke studie in die kollege en nadink oor die praktiese werk wat hulle onder leiding van ouer predikante wat ook hulle leermeesters is, gedoen het, bly hulle in 'n plaaslike gemeente waar hulle ten minste 2½ dag per week werk in die bediening moet verrig. Taylor vat dit alles as't ware in 'n geestige maar wyse motto saam wanneer hy sê: "if we cannot minister without the rest, we cannot train to minister without the rest".[18]

Ons het hier nie te doen net met 'n geïsoleerde onbehae oor die uitsluitlike seminarie-metode nie. Ek kom weer terug na die mammoet-artikel van Harvie M Conn (sien aantekening 2) wat hom baie uitvoerig met die saak besig hou. Hy benadruk dat die opvoedkundige-skolastiese voorbereiding vir die amp noodwendig die predikant isoleer van die lidmate in stryd met die NT wat die eenheid van Gods volk leer. As ons bly vashou aan ons vertroue en eksklusiewe skoolopleiding vir predikante dan moet ons verwag dat "certain problems come along in the bargain".[19] Daarmee word dan

die skeiding van ampsdraer en 'leek, die statusbewustheid, die vertegnisering van die amp en soortgelyke probleme bedoel, wat ook by ons voorkom. Die probleme is eie aan die karakter van ons skole. Hulle "perpetuate theologies, methods and strategies best suited to churches in an opulent and wealthy society"[19a] Ons moet bevry word in die kerk van die rampsalige gedagte dat skolastiese onderrig die enigste wyse van predikanteopleiding is, "recognizing it (despite its defects) as *one* of many valid approaches to education".[20] Ons hoef nie so ver te gaan as George Webber wat J. J. Kritzinger blykbaar met instemming aanhaal: "the myth that a man gets his education in seminary must be killed",[21] voordat ons misnoë oor die ekskiusiewe funksie van die skole toegee nie.

Weerstand teen induktiewe opleiding

Ek kan die moontlike vrees van sommige broeders antisipeer wanneer predikantsopleiding nie meer op die gebruiklike deduktiewe wyse nie maar op *induktiewe* wyse sal plaasvind. Dit kan vandag meebring dat die studie leerplan uit die konteks volgepak sal word en dat ons God se dade in die wêreld moet gaan soek. Ek skrik ook vir kontekstuele modeteologie waarin die konteks die teks verslind. Dit lei na een of ander humanisme (vriendelik of onvriendelik) of moralisme waarin die teks bevestig wat die konteks gedikteer het.

Taal en Teologie

Die taal van opleiding is geensins 'n formele probleem nie. Die vraag in watter taal die toekomstige predikant opgelei word, bepaal uiteindelik watter tipe predikant hy word. Dit is veelseggend dat so baie outeurs hul met hierdie kwessie besig gehou het.

Om die hele saak in 'n wyere perspektief te stel, verwys ek ná die IMC in Ghana 1958. Na die Tweede Wêreldoorlog kon eindelik die plan van Tambaram uitgevoer word. Die Theological Education Fund (TEF) is gevolglik van stapel gestuur. Dit het veral in Afrika die peil van die predikante opleiding astronomies verbeter "in striving for academic excellence"[22] Finansiëel is baie opleidingskole daadwerklik gehelp, biblioteke is opgerig en teologiese boeke gepubliseer. Dit gebeur nie dikwels dat 'n kommissie kan rapporteer dat hy sy werk afgehandel het soos TEF in 1977 nie.

Tog het eers later twyfel ontstaan oor die vraag in watter rigting gesoek moet word na 'academic excellence'. Vroeër is die Westerse model deur niemand bevraagteken nie. Ek noem slegs dat TEF te doen gehad het met die vraag na die taal van die opleiding. Aanvanklik is algemeen aanvaar dat alleen instellings waar Engels of 'n ander Europese taal gebruik is, in aanmerking kon kom vir ondersteuning van die TEF "since vernacular training was bound to be on a lower level".[23] Vandag dwing die nuwere taalwetenskap om anders te dink. Ouer skrywers soos Sundkler *(Christian Ministry 1960)* aarsel nog tussen inheemse taal en lingua franca en beveel uiteindelik altwee aan. Tog breek Sundkler reeds 'n lansie vir die inheemse taal wanneer hy verwys na 2 jong Ibo-predikante wat in Europa gestudeer het en baie swaarder as hul Europese medestudente gekry het. Een van hulle sê dan: "As I listen to the French in the Theologi-

cal class, I have to translate within myself into Douala, and give to myself a running commentary in my own language. We have our own concepts and I must transpose the foreign ideas into my own concepts".[24] Hier word tereg aangevoel dat taal nie net 'n uitdrukkingsvorm is nie. Daar bestaan 'n inherente band tussen taal, volk, kultuur en denkwêreld. Taal dra nie net 'n boodskap nie maar 'n hele kultuurwêreld oor. G. C. Oosthuizen is ook van oordeel dat vir altwee groepe van tale plek moet wees aan teologiese opleidingskole maar hy gee beslis voorkeur aan die inheemse taal.

In elke lesing moet fundamentele begrippe in elk geval voortdurend in die inheemse taal oorgesit word. "Nobody should teach theology on this continent unless his teaching takes note of the Church's existential situation"[25]). I J van der Walt gaan 'n stappie verder en sê: "'n belangrike aspek van die gebruik van die moedertaal is die noodsaaklikheid daarvan dat die opleiding van die inheemse leiers van die jong kerk in die moedertaal moet wees" [26]). D R de Villiers is uitgesproke dat die intellektuele en emosionele lewe van die student glad nie aangeraak word wanneer net die Europese taal gebruik word nie. Twee wêrelde bly onversoen langs mekaar bestaan. Wanneer 'n lingua franca vanweë die verskillende nasionaliteite van die studente tog gebruik word, moet dit 'n "African language" wees.[27])

Lesslie Newbigin merk tereg en interessant op: "It has taken twenty years of struggle to convince churchleaders that men trained in the mother-tongue of their church may be equipped to engage in an encounter with their culture at least as competent as those trained in English, even if they are unable to devote their primary attention to the latest scores in the ongoing battles between the various theological schools in Europe" [28]). Hy gaan dan verder en verduidelik hoe die eerste stadium van ekkulturasie in Afrika nou agter die rug is. Leiers van die binnegevalle kulture het die intellektuele en politieke modelle van die invaller baasraak en daarmee op hul eie voete gaan staan. Nou het die tyd gekom vir die tweede fase waarin dieselfde man na sy identiteit gaan soek en sy verhouding met en diens aan God in sy konteks uitleef.

Kan 'n man sy eie plek in Gods skepping en in Christus herskepping ontdek wanneer hy werktuie van 'n vreemde taal leen? Ek aploudiseer daarmee nie die hedendaagse Afrika-teologieë as modeverskynsels nie. Die mees pertinente voorvegters van Afrikateologie is self vasgevang in Westerse-wysgerige konsepte. Sommige het al vernuftig probeer om aan Descartes se 'cogito ergo sum' 'n Afrikakarakter te verleen. Ek het gelees van 'ek dans, daarom is ek'. Sodra mens die 'sum' in 'n Bantoetaal terugvertaal verval die hele wysgerige-ontologiese vraagstelling. Die swart denke kan met 'n geabstraheerde 'esse' in geen Afrika-taal iets uitrig nie.

Is daar outentieke Afrika-denke?

Newbigin praatt dan ook tereg nogal sinies oor die "Third World theologies" asof dit outentieke uitdrukking van Afrika-denke sou wees. "In our supermarket culture a few new varieties on the shelf are always interesting! But, of course, these theologies are all writ-

ten in English, by men and women who have undergone many years of acculturation into western patterns of thought... Liberation theology, for example, obviously depends heavily on Marxism" [28]). Die Europese taal kan nie die Boodskap relevent vir Afrika formuleer nie. Dit belemmer dit eerder. Wanneer ek hierdie linkse gebruik van Europese tale in teologieë afwys, distansiëer ek my eweso van die regse gebruik van Europese tale in teologiese onderwysinstellings. Die linkses wil deur middel van Europese tale aan Afrika 'n eie teologie gee maar bly vir 'n groot deel vasgevang in Westerse begrippe. Die regses sal ook nie daarin slaag om swart predikante teologies so op te lei dat hulle doeltreffende predikers van Gods Woord in 'n Afrika situasie kan word nie wanneer 'n Europese taal as medium gebruik word nie. Ek stuit veral op Hammanskraal waar Afrikaans die apmtelike taal is. In die struktuur van Hammanskraal (ons skool vir hulle) pas dit heeltemal. Dit bewys egter dat die struktuur nie deug nie. Afrikaans word verdedig met die argument dat 'n lingua franca nodig is. Ek stem saam, maar waarom dan Afrikaans? Waarom nie Zoeloe of Sapedi of 'n ander swart taal wat baie gebruik word nie? Niemand het beswaar wanneer ook af en toe Afrikaans gebruik word nie, maar die voertaal moet 'n swart taal wees. Hammanskraal behoort te wees 'hulle skool vir hulle' waar ons slegs indien nodig hulp verleen. Dit sal 'n geweldige las op die professore plaas. Die alternatief is egter dat swart predikante by wie Bybelse opleiding nie met hul diepste eksistensie geintegreer is nie, as 'n las op die gemeentes gelê word. Nie een van die professore wil tog onder die oordeel van Oosthuizen val nie: "most seminaries have predominantly non-African theological teachers, many of whom appear altogether uninterested in studying the African situation"? [29]).

'n Bymotief agter die gebruik van Afrikaans.

Ek is egter bevrees dat daar nog 'n ander motief steek agter die gebruik van Afrikaans as amptelike taal van Hammanskraal. Die motief bespeur ek duidelik in 'n artikel van L F Schulze in die Oes [30]) en in 'n artikel van T T Spoelstra in "Die Saailand is die Wêreld" [31]). In 'n verslag aan die Sinode van 1979 word ronduit gepraat van die opleiding "gerig op 'n oordrag van Afrikaanse Gereformeerde Teologie aan kandidate uit die multi-etniese kulturele agtergronde" [32]). Hierdie sinsnede mag bewys wat Hugo Zorilla oor die krisis in teologiese onderwys opmerk: "the seminaries go in one direction while the church wrestles in an another" [33]). Natuurlik pas die oordrag van Afrikaanse Gereformeerde Teologie presies in die struktuur van Hammanskraal want dit is ons skool vir hulle, maar dit laat my skrik.

Wat is Afrikaanse Gereformeerde Teologie? Is dit teologie soos dit in Potchefstroom gedoseer word? Indien ja, waarom bestaan Hammanskraal dan nog? Om dieselfde teologie in dieselfde taal op twee plekke aan te bied, is 'n luukse wat ons onsself nie kan veroorloof nie. Is moontlik bedoel die teologie van 'n sekere Gereformeerde persoon of rigting? Ek is bang vir swart teoloë wat in Afrikaans opgelei, eksperts is in Afrikaanse Gereformeerde Teologie. Ek begeer hulle nie vir die swart gemeentes nie. Hulle kan met Louis Armstrong

saamsing: "I'm white inside but that won't help my case, my only sin is in my skin".

Is ons nie kerklik-kolonialisties besig met ons oordrag van Afrikaanse Gereformeerde Teologie nie? Asof óns modelle tog maar die beste is vir al kerke op Gods wêreld? Soos ons ook maar kolonialisties nog besig is met ons gewoonte om die Openlike Verklaring van 1869 ook op klassisvergaderinge en sinodes van die swart kerke voor te lees.

Ek is my volkome daarvan bewus dat ons as blankes nooit tot 'n Afrika-teologie kan geraak nie. Ek vrees dat ons met kritiekloos aanreik van Afrikaans Gereformeerde Teologie die deur na die ontstaan van 'n Afrika-teologie sal toemaak.

Teologie-waardering

Is ons heeltemal daarvan seker dat wetenskaplik-teologiese onderrig die beste en die enigste opleiding vir predikante in Afrika is? Kan ons in alle eerlikheid verwag dat in die jong kerke eie teologiese gedagtes sal ontwikkel wanneer ons bly sweer by ons eie tradisionele patrone van opleiding vir predikante? Ly ons nie aan wetenskapsoorskatting wanneer tot elke prys die opleiding tot predikant wetenskaplike-teologies volgens die studieprogram van BA en Th B van een of ander universiteit moet wees nie? Dryf 'n vrees om agter te staan in die universitêre wêreld ons om standaarde vir Hammanskraal so hoog op te skuif dat ons heelwat gemeentes van predikante beroof? Is ons daarvan bewus dat ons worsteling om matrikulasie as minimum toelatingsvereiste erken te kry, deur sommige 'n "earlier level of discussion"[35]) genoem word? Besef ons as Afrikaner-volk wanneer ons ons verbondenheid met Europa in hierdie tipe van vraagstukke opskroef ons juis die uitstaande kenmerke van 'n jong volk van Afrika vertoon wat nadruk lê op diplomas, gradeplegtighede en akademiese prestasies? Skuil daar dalk agter ons nadruk op die akademiese peil (ook ivm Hammanskraal) 'n innerlike onsekerheid eie aan 'n jong volk? Is ons so onseker van onsself (of van God) dat ons nie die moed het om 'n predikanteopleiding in stand te hou wat hom hoegenaamd nie bekommer oor erkenning van grade of akademiese peil nie — 'n opleiding wat slegs daarna streef om dienaars van die Woord van God op te lei wat in staat is om die Boodskap van Christus relevant in die gekompliseerde situasie van die swart samelewing toe te pas? Ontspruit die status-bewustheid in die swart kerke uit ons eie akademiese statusbewustheid? Is ons miskien nog altyd onbewus slagoffer van die wetenskapsverheerliking van die Aufklärung asof wetenskap die enigste maatstaf is om insig te kry in die struktuur van Gods wêreld? Het ons daarom — wat H R Rookmaker genoem het — "the man in the box" geword wat bang is om uit die saligverklaarde doos van wetenskap te spring[36]).

Ek vra my ook af of daar nie 'n ou legende van hardnekkige misverstand insake die wese van teologie onder ons leef nie. Ons noem 'n teoloog iemand wat dmv teologiese studie kennis neem van die kumulatiewe kennisresultate deur ander gelewer. Teologie is abstraherende refleksie oor wat ons doen in die Koninkryk of oor wat God doen in die wêreld. Daarvoor is die meeste van ons (ekself

veral) te dom. Ons predikante, neem kennis van teologie maar ons is geen teoloë nie. Mens hoef nie sover te gaan as K J Popma wat wel tereg weier om teologie en kerklike opleiding te identifiseer, maar hulle kontrasteer en sê "reeds in de 17e eeuw werd duidelijk dat een theologische opleiding eerder ongeschikt maakt voor de arbeid in het predikambt" [37]. In elk geval dink baie predikante ten onregte dat hulle teoloë is. Net so dink baie teoloë ten onregte dat hulle daarom kan preek. Die stryd van L Lindeboom na die Doleantie teen die soewereine wetenskapideaal van A. Kuyper[38]), moet ons versigtig maak om predikanteopleiding met die strokie 'teologies" te etiketteer. Ons lei predikante op en nie teoloë nie. Ek wil nie van 'teologiese opleiding' nie, maar van 'predikante opleiding' praat.

Opleiding en gawes

Deur die toegangsdrumpel van die skool so hoog te stel en die opleiding te versmal tot intellektuele vaardigheid, sluit ons baie uit van die heerlike amp terwyl hulle volgens Bybelse maatstawwe gemeet wel predikante kon gewees het. Van die 16 tot 17 vereistes wat Paulus in 1 Tim. 3 stel kan hoogstens een op die intellektuele vlak lê, nl. bekwaam-wees om te onderrig. Ons beperk toelating tot hierdie een vereiste maar verander dit in 'bekwaam om onderrig te word'.

Wanneer die broeder afstudeer het is hy waarskynlik bekwaam om te onderrig, maar die arme man kon nog nooit bewys dat hy ook die ander gawes het nie. Is hierdie dobbel van ons moontlik een van die oorsake waarom so baie swart (en sommige blankes) predikante misluk? Durf ons die gemeente van die Here aan so 'n kansspel uitlewer? Die verweer mag wys dat ons met blankes dieselfde prosedure volg en dit in die algemeen tog blykbaar nie te sleg werk nie. Maar laat ons nie vergeet die heiligende krag van die Woord van God wat geslagtelank al werk in die familie van die blanke student terwyl die omgewing van die swart seun, onlangs eers onder die invloed van die Evangelie gekom het.

Paulus begin die Evangelieveldtog as 'n ryp man wat reeds sy gawes bewys het. By ons kan niemand op dieselfde wyse kwalifiseer nie omdat hy vir opleiding te oud is. Kritzinger sê: "Ons lei nie sulke mense op nie".[39] Paul Miller waarsku: "No amount of ability to absorb education should substitute for proven spiritual maturity".[40] Ons opleidingsskole loop die gevaar om die innerlike en Bybelse samehang tussen charisma en amp los te maak

Behaal die Pinkstergroepe moontlik soveel sukses omdat hulle heeltemal ander opleidingspatroon volg? Sonder bewese gawes kom jy by hulle nie in aanmerking nie. Hul voorgangers is derhalwe ouer persone. C. L. d'Epinay gee in IRM[41] statistiek oor die leeftye van Protestantse en Pinksterpredikante in Chili: 23% van Protestantse predikante is onder 30 jaar terwyl slegs 3% van die Pinkstervoorgangers in die groep val. 50% van die Protestante en 82% Pinksterbroeders is 40 jaar of ouer. Dit lyk asof hulle nader aan die Bybelse praktyk staan waar amp 'n gawe is wat die gemeente erken.[42]

Ons eie kerkgeskiedenis in die 16e en 17e eeu leer dat vakante gemeentes in Nederland voorkeur aan ouer persone wat hulle geken het bo studente gegee het tot ontsteltenis van die professore.

"Jonge mannen, kersvers van de academie, bleken niet alleen niets te weten van kerkregering, maar waren ook ongeoefend in de practijk der godzaligheid".[43] Ook na die Afskeiding in Nederland is aanvanklik ryper manne wat hul gawes in die gemeentes bewys het in verspreide opleidingskooltjies tot predikante opgelei.[44]

Klein eie opleiding vir elke volk

Tov opleiding moet uitgegaan word van die primêre Bybelse waarheid soos F. L. Bakker in 1937 sê dat in die allereerste plek rekening gehou moet word met die behoeftes van die gemeentes.[45] In plaas daarvan oorweeg ons die algemene onderwyspeil van swartmense, erkenning van grade, landspolitiek of wat ook al.

Die gemeente het 'n man nodig wat die Woord van God in sy midde kan bring "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk" (Ef 4). Hierdie dienswerk verskil van situasie tot situasie, van volk tot volk en van kerk tot kerk. Daarom moet op verskeidenheid in opleiding klem gelê word. Enersheid in opleiding pas by internasionale supermarkte maar nie by die veelkleurigheid van die gemeentes van die Here nie. Kritzinger sê dan ook dat oa om hierdie rede die groot meerderheid gemeentes nie geskik is vir die kandidate van ons teologiese skole nie.[46] Ons het nou vir elke taalgroep (Venda, Sapedi ens) 'n eie opleiding vir predikante nodig in die voertaal van die betrokke volk. Ons kan nie wag op die vervulling van die vae ideaal van Sinodes wat meer skole vir verskillende volke wil daarstel nie omdat selfs ons kerke saam met die swart kerke nooit so baie skole op die patroon van Hammanskraal sal kan bekostig nie. Ten tweede sou 'n veelheid van teologiese skole 'n bedroewende lae teologiese plei meebring omdat daar nie voldoende teoloë is nie. Ten derde wys ek die ideaal af omdat swart gemeentes nie van 4 of 5 teologiese opleidingsskole gedien sal wees nie.

Onder elke volk moet daar 'n op die praktyk van die godsaligheid gerigte opleiding tot predikant wees — wat uit die aard van die saak klein sal wees. Dit moet so vloeiend as moontlik bly en geen skolastiese toelasingsvereistes moet statutêr vasgelê word nie en nie vir 'n graad nie maar vir die gemeentewerk oplei. Omdat die gawes en agtergronde van die studente en gemeentes verskil, moet daar diversiteit in die opleiding en niveau van kursus (vir een met en 'n ander sonder Grieks) wees. Lei die voorganger op soos hulle in Latyns Amerika sê "by the street"[47]).

In diens opleiding

As deel van sy opleiding aanvaar hy onmiddellik verantwoordelikhede in die gemeente, bv. leiding van 'n Sondagskool of besoekwerk. Nie te lank daarna begin hy met preekwerk, volledig geintegreer in die gemeente, terwyl hy sistematies onder leiding van een of meer ouer predikante of dosente studeer. Hy studeer nie "on a holy hill thirty miles from nowhere"[48]) nie, maar in die gemeenskap van die heiliges soos die dissipels deur Jesus opgelei is. J. Norberto Saracco sê hierdie afgestudeerde student is "not a prefabricated model imposed on the church because of his intellectual qualifications. He has been allowed to develop a ministry which identifies

socially and culturally with the congregation"[49] Die opleiding is nie eensydig skolasties nie maar integraal. Die leermeester van die student wat nie 'n teologiese professor is nie, doen saam met sy leerling huisbesoek totdat die leerling dit alleen doen of op sy beurt 'n ander leerling saamneem. Leermeester en leerling bid saam oor die probleme wat hulle ontmoet en besoek ook saam heidene want die opleiding moet ook sterk op die wêreld gerig wees. So kom ons nader aan die Bybelse klimaat van II Tim. 2 : 2 ("wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer"). Dit veronderstel 'n eenheid tussen leef, werk en leer.

'n Groot deel van die studietyd word nou spontaan aan "discussion of cases" bestee waarvoor die mense van Afrika so lief is. Newbigin beveel dit aan as 'n legale wyse van opleiding[51] en 'n rapport van 'the Christian Conference of Asia' sluit hierby aan: "cold involvement produces cold theology; secondhand involvement produces second-hand theology; hot involvement produces hot theology"[51] Hierdie tipe opleiding sal waardeer word omdat die betrokke vak help met huisbesoek of iets dergliks.[52] Praktiese bruikbaarheid word as't ware 'n hermeneutiese beginsel[53].

Hierdie tipe opleiding is geen kort pad na die amp nie. Dit mag selfs langer duur as die tradisionele opleiding. Daar is geen voorskrif nie en die gelowiges tussen wie die opgelei word oordeel saam of hy ryp is vir die bediening of nie.

Hierdie tipe opleiding is goedkoop en verg geen kapitaalinvestering of groot geboue nie. Sodra die opleiding te groot word om in geintegreer te word in die gemeentlike lewe word 'n tweede opleiding onder dieselfde volk daargestel. Let wel, hier is geen sprake van helper-opleiding of evangeliste of gevalle met buitengewone gawes (art 8 KO) nie. Wie nie bevoeg is om die sakrament te bedien, kan ook die Woord nie bedien nie. Dit is klassiek gereformeerd. Dit gaan om predikantopleiding.

Hammanskraal vir tweede vlak klaar nie opleiding

Ons het die energie, ervaring en kennis van ons Hammanskraalse professore nie op die 'eerste vlak" van opleiding nie maar op 'n 'tweede vlak" baie nodig. Ek verwys na Baëta, Kritzinger, Sundkler, Van der Walt (met beperkings)[54] wat almal meestal op sterkte van ervaring in Asië 'n dubbelvlakopleiding met die tweede as die teologies-akadamiese bepleit. Ek droom van een sentrale teologiese opleiding vir al die volke, blankes ingesluit. Die ontmoetingspunt van die verskillende kerke bied dan teologie op die hoogste vlak aan. Daar kan vir elke teologiese vlak selfs twee professore wees, een uit die Europeesteologiese tradisie en een uit die Afrikawêreld, blank of swart. Hier vind 'n broederlike konfrontasie plaas (bv. van Afrikaanse Gereformeerde teologie en Afrika-teologie) waarby die een die ander slyp. Hier word predikante opgelei wat 'leer'-aars is en wat gemeentes met 'n intellektuele niveau kan bedien of deeltyds of voltyds met eerstevlakopleiding behulpsaam is. Op tweede vlak word by voorkeur studente toegelaat wat die eerste vlak opleiding geniet het. Hier word studente ook genees van sku-

heid, lompheid of vooringenomenheid in die omgang met ander volke. Vier jaar opleiding na BA is die absolute minimum om 'n goeie teoloog te word. As conditio sine qua non (vir altwee vlakke) geld die gevleuelde woord van Stephen Neill: "What matters above all else is that he should be a saint. Given that, nothing else matters nearly as much". Geen akademiese aanleg kan dié vereiste uitskakel nie.

Vrees vir twee soorte predikante is misplaas. Daar bestaan net één diens van die Woord in die gemeente in trou aan die Here. Daar is alleen twee weë wat na hierdie diens toe lei.

AANTEKENINGE:

1. The Christian Ministry in Africa, Uppsala 1960, Appendix II.
2. Paul G. Schrotenboer, The World Survey of Reformed Mission, RES-uitgawe 3e druk, Michigan 1977, passim.
3. Tanzania/Pennsylvania 1968, 119.
4. op cit 116.
5. 13 Maart 1974, no. 2241, 10.
6. Kerk, Volk en Ras in die Sendingbeleid van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom 1973, 21.
7. J. J. Kritzinger, 'n Missionêre Bediening, Pretoria 1979, 72.
8. Walter Cason, aangehaal deur Harvie M. Conn in sy mammoetartikel 'Theological Education and the Search for Excellence', Westminister Theological Journal, 41 : 2 (Spring 1979) pp 311-363, 315.
9. Miller, opcit 198.
10. Implications of the theologies of liberation for the theological training of the pastoral ministry in Latin-America, IRM LXVI No. 261, Jan. '77, 17.
11. Excellence in Theological Education, in Mission Trends, No. 3, New York/ Grand Rapids 1976, 27 /Gerald H. Anderson/Thomas F. Stansky.
12. Kritzinger, op cit 76.
13. James F. Hopewell, Mission and Seminary structure, IRM LVIII. April 1967, 158.
14. op cit. 159.
15. Lesslie Newbigin, Theological Education in World Perspective, Churchman, 94 : 2, 1979, 107.
16. op cit 115, 119. 194-198.
17. The Seminary a Living Christian Community? After 20 : 4, Augustus

18. Michael H. Taylor, Has Ministerial Training Outgrown the Theological Colleges? Ministerial Formation 3, July 1978, 3-8.
19. op cit 347.
19a. op cit 319.
20. op cit 347-348.
21. op cit 77.
22. in Harvie M Conn op cit 312.
23. Lesslie Newbigin, op cit 108.
24. op cit 248-249.
25. Post Christianity in Africa, London 1968, 261, 257.
26. Eiesoortigheid in die Sending, Potchefstroom 1963, 263.
27. "Training the Ordained Minister' in Training for Mission, Grand Rapids 1977, 53.
28. op cit 108-109.
29. op cit 256.
30. Die rol van Afrikaans in die Teologiese Opleiding te Hammanskraal, Des. 1975, 17 : 3, 14-15.
31. art 'Die Teologiese Opleiding deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika' 1-21, in die Saailand is die Wêreld, Jubileumuitgawe Hammanskraalse Teologiese Skool.
32. Handelinge, 228.
33. aangehaal deur Harvie M Conn, op cit 319.
34. vgl Jonathan T'ien-en Chao, art 'Foreign Missions and Theological Education' in Rethinking Missions, International Reformed Bulletin, 1972/48, 30-40.
35. in Harvie M Conn, op cit 322.
36. Modern Art and the Death of a Culture, 2e druk, London 1971, 47-50.
37. Levensbeschouwing d1 VI, Amsterdam 1963, 27-30
38. die literatuur is baie: sien bv. J. Bosch, Man van Conflicttoch van eenheid, Groningen 1947, passim. R. H. Bremmer, Herman Bavinck en zijn Tijdgenoten, Kampen 1966, 88-89.
39. op cit 73.
40. op cit 99.
41. The training of pastors and theological education, IRM LVI. No. 222 April 1967, 186.
42. L. Floor, In Dieselfde Spore, Potchefstroom 1964, 33, 43.
43. A Th van Deursen, Bavianen en Slijkgeuzen, Assen 1974, 37.
44. H. Bouwman, Onder Veilige Hoede, Kampen sj 6-11.
45. 'Opleiding van Voorgangers', De Macedoniër 41 : 8, Aug. 1937, 226.
46. op cit. 202.
47. sien aantrekining 41) 188.
48. Miller, op cit. 117.
49. The type of Ministry adopted by the pentecostal Churches in Latin-America, IRM LXVI No. 261, Jan 1977, 66.
50. op cit 111.
51. aangehaal deur Sam Amirtham, IRM, LXVI No. 261, Jan 1977, 49.
52. sien soortgelyke voorbeelde by Sundkler, op cit 213.
53. vgl die interessante art van Nacpil in aant 11.
54. Sundkler, op cit 312-315.
    Kritzinger, op cit 196-198.
    van der Walt, Die Kerkblad, 13 Maart 1974, 11-12.